Geloofsgehoorsaamheid

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: Eng/Afr. B170a

Skriflesing uit: Gen. 22: 1-19

Kernvers : 12 –‘ En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.’

Geliefdes, God het ‘n plan met ‘n mens se lewe en daar is bevele wat die Here aan ‘n mens gee en waarmee God ‘n besondere doel het. Ons kan egter God se plan in ons eie lewens sowel as in ander s’n dwarsboom deur ongehoorsaamheid. Veral ongehoorsaamheid wat spruit uit ongeloof.

As Abraham God nie gehoorsaam was nie, hoe sou dit net nie vir tyd en ewigheid gedwarsboom het nie. Toe die Here vir Abraham beveel het om vir Isak te offer op die berg Moria, was dit dieselfde berg waarop Jesus soveel jare later gekruisig sou word.

Dit is merkwaardig hoeveel paralelle daar is in hierdie verhaal en dié van die kruisiging van die Here Jesus. Hulle het vir drie dae geloop en hierdie las was swaar op Abraham se hart terwyl hulle na die berg moes stap met die wete dat hy daar sy seun sou offer! Jesus was drie dae in die graf.

Ook was Isak Abraham se enigste seun en die Here Jesus was God die Vader se enigste Seun. Isak moes dien as ‘n offer op daardie berg en sy pa het vir hom gesê: God sal self vir ons die brandoffer voorsien, min wetende dat dit God se eie Seun sou wees.

Jesus was op daardie berg gekruisig en het die offer betaal vir die sondes van die wêreld…